TEGNIESE WETENSKAPPE

Liewe Graad 12 Leerder
Welkom by Tegniese Wetenskappe. Teen diè tyd weet jy dat Tegniese Wetenskappe die leerders ondersteun in die drie fokusareas van tegnologie, naamlik Meganiese, Elektriese en Siviele tegnologie. Jy weet ook dat jy elke dag dit wat onderrig word, moet verstaan en onthou. Die doel van hierdie gids is om jou te wys wat in jou voorbereiding vir die Finale Eksamen geleer en gedoen moet word.

INHOUDSKONTROLELYS
'n Opsomming van die voorgeskrewe inhoud word hieronder verskaf.

Vraestel 1

Uit Graad 12 alleenlik
- Newton se 1ste, 2de en 3de Bewegingswette
- Momentum en Impuls
- Arbeid, energie en drywing
- Elastisiteit
- Viskositeit
- Hidroulika
- Elektrostatika
- Elektriese stroombane
- Elektromagnetisme
- Golwe, Klank & Lig

Vraestel 2

Uit Graad 12 alleenlik
- Organiese chemie
- Plastieke en Polimere
- Elektrochemiese selle
- Alternatiewe energie
- Elektroniese Eienskappe van Materie

ASSESSERINGSVEREISTES
Skoolgebaseerde assessering

Kwartaal 1
- **PAT:** Eksperiment 1
- Kontroletoets

Kwartaal 2
- **PAT:** Eksperiment 2 + Junie Eksamen

Kwartaal 3
- **PAT:** Eksperiment 3
- Septembereksamen

Een kontroletoets, Junie Eksamen en die September Eksamen sal die SGA-punt vorm wat 25% van die finale punt tel.
Die PAT bestaan uit drie eksperimente.
Die PAT tel ook 25% van die finale punt.
Die res van die punte nl. 50%, word aan die Finale Eksamen toegeken.

Halfjaareksamen
- **Vraestel 1**: **150 punte (3 uur)**
- **Vraestel 2**: **75 punte (1½ uur)**

Telematiese Videos
https://qrgo.page.link/XqcTF

Finale Eksamen
Jy sal twee vraestelle skryf.
- **Vraestel 1**: Fisika **150 punte (3 uur)**
- **Vraestel 2**: Chemie **75 punte (1½ uur)**
- Die inhoud wat geassesseer sal word in elke vraestel word in die inhoudskontrolelys gelys. Elke vraestel bestaan uit:
- Meervoudige-keuse en
- 'n afdeling met Gestruktureerde vrae

WENKE VIR SUKSES
- Onderrigtyd is 4 uur per week. Verseker dat jy dit optimaal benut om te leer!
- Wees altyd voor. Doen navorsing, lees en doen berekeninge om die inhoud en die eksperiment te ken voor die les onderrig word.
- Die boustene van wetenskaplike kennis is definisies, wette, beginsels en begrippe. Ken en verstaan dit eers voordat jy dit probeer onthou en toepas.
- Die vak Tegniese Wetenskappe gebruik wiskundige funksies, konsepte, operasies en rekenmetodes in sy definisies, wette en beginsels.Verseker dat jy die basiese bewerkings van optelling, aftrekking, vermenigvuldiging, verdeling en faktorisasie ken ten einde met getalle en veranderlikes te werk.
- In Tegniese Wetenskappe word van jou verwag om wetenskap- en tegnologie-eksperimente te doen.
- Jy moet in staat wees om tekene en grafiese voorstellings te maak om jou begrip van konsepte voor te stel.
- Dit is belangrik om gereeld te lees sodat jy 'n dieper begrip van die vak kan kry.
- Die onderig en assessering van die vak sal grootliks op tegnologiese voorbeelde gebaseer wees.

SKANDEER MY!
Tegniese Wetenskappe Oorsig

Hersieningsmateriaal Kwartaal 1
https://wcedeportal.co.za/eresource/154426

Hersieningsmateriaal Kwartaal 2
https://wcedeportal.co.za/eresource/135171

Hersieningsmateriaal Kwartaal 3
https://wcedeportal.co.za/eresource/154486